education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS en LETTERKUNDE**

**NOVEMBER 2008**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Kyk- en Leesbegrip | VRAAG 1 – 3 | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | VRAAG 4 | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taal | VRAAG 5 – 9 | (60 punte) |
| AFDELING D: | Letterkunde | VRAAG 10 – 12 | (20 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is, in die middel van die bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae.



[Uit: *Footprints in the Sands of Time,* DoE 2007]

**DIE MAN AGTER DIE MADIBA-HEMP**

1. Sonwabile Ndamase het die Vukani-modereeks begin. Dit was die Madiba-hemp wat hom bekend gemaak het. Dit is nie meer vreemd om ŉ Afrika-hemp te dra nie. Nelson Mandela het ŉ modeleier geword. Sonwabile sê: "Hy weet presies wat hy wil dra. Al die Madiba-hemde is kleurryk."

2. Madiba het baie vir die modewêreld beteken. Voor Madiba se tyd het mense klere gekies op grond van waarheen hulle op pad was. Daarna het hulle begin aantrek in ooreenstemming met waar hulle vandaan kom.

3. Swart ontwerpers kan Madiba nie genoeg bedank dat hy die Afrika-hemp bekend gemaak het nie. Hierdie hemde word al gewilder. ŉ Mens kan gemaklik en netjies lyk, al dra jy nie ŉ swart pak en das nie. Nou kan jy met trots jou Afrika-hemp na die deftigste funksie dra. Dit is alles aan Madiba te danke.

4. Wie is die man agter die Madiba-hemp? As lid van die koninklike Pondo-familie kon Sonwabile Ndamase ŉ weelderige en gemaklike lewe gekies het, maar sy ma het anders gedink. Hy vertel: "My ma het besef dis belangrik dat ons die Westerse kultuur aanvaar. Dis nie goed dat koninklikes so bedien word nie."

5. Sy wou hulle vir die regte lewe voorberei. Sy was ŉ kleremaakster en naald en gare het hom van kleins af soos ŉ mot na ŉ kers getrek. Op agt jaar kon hy al ŉ soom inwerk.

6. Vandag is Sonwabile Ndamase ŉ wêreldberoemde ontwerper.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 5 November 2004]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**ontwerper:** iemand wat 'n voorlopige skets maak. **English** (designer), **Sepedi** (moakanyi), **Isizulu** (mthungi).
**weelderig:** oorvloedig, oordadig, in weelde. **English** (luxurious, in luxury), **Sepedi** (matsaka), **Isizulu** (vukubusa/nethezeka).

[Uit: *HAT* en *TWEETALIGE WOORDEBOEK*]

**VRAE:**

1.1 Wie is die ontwerper van die Madiba-hemp? Gee die naam en van. (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Die Madiba-hemp word so genoem omdat ...

A Madiba die hemde dra.
B Sonwabile Madiba se vriend is.
C Madiba die hemde verkoop.
D die hemde na Sonwabile vernoem is. (1)

1.3 Watter EEN woord in paragraaf 1 beskryf die belangrikste kenmerk van die Madiba-hemde? (1)

1.4 1.4.1 Kan 'n Madiba-hemp deesdae na 'n formele funksie gedra word? Ja/Nee (1)

1.4.2 Haal EEN woord uit paragraaf 3 aan om jou antwoord in VRAAG 1.4.1 te motiveer. (1)

1.5 Wie besluit wat Madiba sal aantrek? (1)

1.6 Wat moes mans in die verlede aantrek as hulle na 'n formele funksie gaan? Noem TWEE dinge. (2)

1.7 Gee EEN woord uit paragraaf 3 wat sê dat <u>al meer mense graag Madiba se hemde aantrek</u>. (1)

1.8 Wie het vir Sonwabile geleer om naaldwerk te doen? (1)

1.9 Kies die REGTE antwoord.

"... *naald en gare het hom van kleins af soos 'n mot na 'n kers getrek"* (par. 5). Die uitdrukking beteken ...

A motte hou van hitte.
B motte hou van naald en gare.
C hy kon naald en gare nie los nie.
D hy kon kerse nie uitlos nie. (1)

1.10 1.10.1 Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is:

Sonwabile Ndamase het arm groot geword. (1)

1.10.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.10.1. (1)

1.11 Hoe het Mandela mans se klerestyl verander? (1)

1.12 Watter EEN woord sê dat Sonwabile *internasionaal* bekend is? (1)

1.13 Waarom, dink jy, het Madiba so 'n groot invloed op die wêreld? (1)
**[16]**

**VRAAG 2: STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.




[Uit: *Rapport,* 2007]

**VRAE:**

2.1 Kies slegs die REGTE antwoord.

*"vir die negende keer"* in raampie 2 beklemtoon dat ...

A Jeremy na sy ma luister.
B sy ma al moedeloos is.
C Jeremy baie fluks is.
D sy ma hom liefdevol behandel. (1)

2.2 Waarom is "*WORD WAKKER JEREMY!*" in raampie 2 in hoofletters en vetdruk geskryf? (1)

2.3 Bestudeer raampie 4, 5 en 6. Verduidelik hoekom Jeremy nog nie geleer het om dinge vir homself te doen nie? (1)

2.4 Kies die REGTE antwoord.

Jeremy se liggaamstaal en gedrag vertel dat hy ... optree.

A doelgerig
B gedissiplineerd
C onvolwasse
D selfstandig (1)

2.5 2.5.1 Dink jy Jeremy is gelukkig met hoe sy ouers hom behandel? Ja/Nee (1)

2.5.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 2.5.1. (1)

2.6 2.6.1 Bestudeer raampie 7. Wil die pa hê dat Jeremy selfstandig moet optree? Ja/Nee (1)

2.6.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)
**[8]**

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

# Bel 084 145 vir ...

- nuwe kontrakte en opgraderings,
- gratis sim-kaart,
- gratis konneksie en
- gratis aflewering.

# WEN

## EEN VAN 6 **HUMMERS**

Gradeer op na een van die volgende:

### GRATIS NOKIA E65

R145 per maand x 24 op *casualchat* 100

- 100 gratis minute
- MP3-speler




### GRATIS SAMSUNG E250

- R50 per maand x 24 op *controlchat* 50
- 25 SMS'e p.m.




Teken in op 'n nuwe kontrak of gradeer jou foon op en jy kan een van 6 HUMMER H3's wen.

Elke maand moet EEN HUMMER gewen word.
Kompetisie sluit EINDE JANUARIE.

**Waarvoor wag jy? Doen dit nou!**

cell c
direct
*for yourself*

[Uit: *Huisgenoot,* 15 November 2007]

**VRAE:**

3.1 Hoe kan jy met Cell C kommunikeer? (1)

3.2 Waarom word "*WEN*" met groot, donker letters geskryf? (1)

3.3 Wat moet jy doen om een van 6 Hummers te wen? Noem TWEE moontlikhede. (2)

3.4 Na watter selfoon moet jy opgradeer, as jy 'n MP3-speler wil hê? (1)

3.5 Hoe gereeld sal iemand 'n Hummer kan wen? (1)
**[6]**


**TOTAAL AFDELING A: 30**


WESTERN CAPE

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 4

- Vir jou eie veiligheid is daar sekere dinge wat jy nooit moet vergeet nie.
- Som die *belangrikste* inligting oor algemene veiligheid in *SEWE volsinne* op.
- Jou opsomming moet 60 woorde lank wees.
- Skryf die getal woorde onderaan die opsomming.





**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 5: STROKIESPRENT

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.




[Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF,* 14 Augustus 2005]

Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkantste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. Antwoorde op VRAAG 5.1 – 5.23 moet korrek gespel wees.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Oupa, Ouma en hul kleinseun Rodan is ŉ gelukkige gesin wat (5.1 *in/op*) ŉ klein (5.2 *plaas*) woon. | 5.1<br>5.2 | Kies die regte woord.<br>Gee die verkleining. | (1)<br>(1) |
| (5.3 *Elke aand*) sit hulle saam om (5.4 *televisie kyk*). | 5.3<br>5.4 | Gee een woord.<br>Vul die infinitief in. | (1)<br>(1) |
| Die gesin hou (5.5 *van + dit*) om na dieselfde (5.6 *program*) te kyk. | 5.5<br>5.6 | Gee die regte vorm.<br>Gee die meervoud. | (1)<br>(1) |
| (5.7 *Skielik/Dadelik*) gaan die ligte af. | 5.7 | Kies die regte woord. | (1) |
| Die leesteken na die woorde: "*Ag nee*!", in raampie 2, is ŉ (5.8 *koppelteken/uitroepteken/ deelteken*). | 5.8 | Kies die regte antwoord. | (1) |
| Rodan is ŉ (5.9 *iemand wat bang is*). | 5.9 | Gee een woord. | (1) |
| Sy ouma troos hom om nie bang te wees nie, want die ligte sal (5.10 *binnekort/kortliks*) aangaan. | 5.10 | Kies die regte woord. | (1) |
| Rodan is nou siek en (5.11 ... ) vir die kragonderbrekings, want hy is (5.12 *baie bang*) vir die donker. | 5.11<br>5.12 | Voltooi die uitdrukking.<br>Gee die intensiewe vorm. | (1)<br>(1) |
| Rodan gaan een van die dae sy verjaardag (5.13 *vier/fier*). | 5.13 | Kies die regte woord. | (1) |
| Ouma wonder (5.14 *wat/wie*) die beste verjaardaggeskenk vir hom sal wees. | 5.14 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| Ouma se reaksie in raampie 7: "A! Dis aan!" is ŉ bewys van haar (5.15 *blydskap/treurigheid ontevredenheid*). | 5.15 | Kies die regte woord. | (1) |
| Rodan, wat op die (5.16 *bed/rusbank*) in raampie 7 sit, voel baie (5.17 *gelukkig*) dat die lig elke keer afgaan. | 5.16<br>5.17 | Kies die regte woord.<br>Gee die antoniem. | (1)<br>(1) |


| | | | |
|---|---|---|---|
| Oupa en Ouma vind dit (5.18 *vreemd/snaaks*) dat Rodan ŉ kragopwekker wil hê. | 5.18 | Kies die korrekte woord met die hulp van die woordeboek.<br><br>**vreemd** b.nw. en bw. (-e) **1** onbekend, nie vertroud nie: *Vreemde mense wat hier kom woon.* **snaaks** b.nw. en bw. **1** grappig: *Hy probeer altyd snaaks wees.* | (1) |
| Hy is hulle (5.19 *een*) kleinkind. | 5.19 | Gee die regte vorm. | (1) |
| Rodan is (5.20 *bang*) as ander kinders vir die donker. | 5.20 | Gee die regte vorm. | (1) |
| Rodan is sy ouma en oupa (5.21 sê/se) geliefkoosde (5.22 *kleindogter*). | 5.21<br>5.22 | Kies die korrekte woord.<br>Gee die teenoorgestelde geslag. | (1)<br>(1) |
| Vir Rodan sal dit ŉ (5.23 *goed*) dag wees as daar nie meer kragonderbrekings is nie. | 5.23 | Gee die regte vorm. | (1) |

**[23]**

**VRAAG 6: STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.

Ben praat met die bouer wat werk by sy huis gedoen het. Hy is baie kwaad, want die bouer het baie dinge verkeerd gedoen.




[Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF,* 12 November 2004]

Skryf die volgende sinne oor volgens die instruksies in die regterkantste kolom.

| | | | |
|---|---|---|---|
| (6.1 Ben is nie tevrede met die werk nie.) | 6.1 | Skryf die sin in die verlede tyd. | (1) |
| (6.2 Ben sê: "Jy moet na die venster kyk.") | 6.2 | Skryf die sin in die indirekte rede. | (2) |
| (6.3 Die deur is skeef.) | 6.3 | Skryf in die ontkennende vorm. | (2) |
| Die seepbakkie is nie reg nie. (6.4 *omdat*) Die seepbakkie is onderstebo. | 6.4 | Verbind die sinne soos aangedui. | (1) |
| 6.5 Die bouer het die lig se skakelaar reg ingesit. | 6.5 | Skryf die sin in die lydende vorm. | (2) |
| 6.6 Die ligskakelaars lyk sleg teen die muur. | 6.6 | Skryf die sin in die toekomende tyd. | (1) |
| Die een gordyn (6.7 *hang skeef altyd*) op die vloer. | 6.7 | Gee die regte woordorde. | (1) |
| Die vloer is baie ongelyk. (6.8 *daarom*) Die bad staan skeef. | 6.8 | Verbind die sinne soos aangedui. | (1) |
| Ben is baie ontevrede met die bouer se werk. (6.9 *Waarmee* ... ) | 6.9 | Voltooi die vraag. | (2) |
| Die bouer moet die werk regmaak. (6.10 *Die bouer is vasberade om ...* .) | 6.10 | Voltooi die sin. | (1) |
| 6.11 Die bouer sê hy sal al die foute regmaak. | 6.11 | Skryf in die direkte rede. | (2) |
| Die bouer vra: "Het ek iets verkeerds gedoen?" (6.12 Begin so: *Die bouer wil weet of ...* .) | 6.12 | Voltooi die sin. | (2) |
| 6.13 Die bouer moet die bad regmaak. | 6.13 | Skryf die sin in die lydende vorm. | (2) |

**[20]**

**VRAAG 7: REDIGERING**

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.




[Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF,* 24 Maart 2002]

Volg die instruksies in die regterkantse kolom en skryf die sin korrek oor.
Onderstreep die fout(e) wat jy reggemaak het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1 Ben het sy karavan verloor. | 7.1 | Verbeter die spelfout. | (1) |
| 7.2 Die man se pet sit nie skeef. | 7.2 | Korrigeer die taalfout. | (1) |
| 7.3 Alle voertuie behoort om getoets te word. | 7.3 | Skryf die sin reg oor. | (1) |
| 7.4 Ben se vrou en kinders is weg daarom is hy ontsteld. | 7.4 | Vul die ontbrekende komma in. | (1) |
| 7.5 Die motor met wat Ben ry, is padwaardig. | 7.5 | Korrigeer die taalfout. | (1) |
| 7.6 Ben sê vir die man: "Ek ken dat my ligte werk." | 7.6 | Korrigeer die taalfout. | (1) |
| 7.7 Ben skreeu met die man, want hy is ontsteld. | 7.7 | Korrigeer die taalfout. | (1) |
| 7.8 The traffic cop instructs Ben to get out of his car. | 7.8 | Vertaal die sin in Afrikaans. | (2) |

**[9]**

**VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

8.1 Kyk na die strokiesprent in VRAAG 2 (bl. 5).

Kies die REGTE antwoord.

In raampie 7 sê die ma: "Hoe sal my ou seuntjie oorleef?"

Die ma se woorde bewys dat sy ... haar seun is.

A moeg vir
B lief vir
C kwaad vir
D opgewonde oor (1)


8.2 Kyk na die Cell C-advertensie in VRAAG 3 (bl. 6).

Waarom word die woord *"gratis"* so baie in die advertensie gebruik? (2)
**[3]**

**VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER**

Kyk na die prente, lees die situasie en voer elke keer die opdrag uit.


9.1 SITUASIE: Die Juffrou is baie bly oor Jannie so goed gedoen het met sy taak. Sy WENS hom GELUK met sy goeie punte en MOEDIG hom AAN.



OPDRAG: Wat sê die juffrou om Jannie geluk te wens en aan te moedig? Voltooi die sin in ongeveer 10 woorde.

Juffrou: Jannie, ... (2)

9.2 SITUASIE: Die vrou, Tharusha, het laat gewerk en laat by die huis gekom. Haar man, Devin, het heerlike kos vir haar gemaak. Hy laat haar by die tafel sit en bring vir haar kos. Tharusha is baie DANKBAAR en het groot WAARDERING vir sy moeite.




OPDRAG: Wat sê Tharusha om haar man te bedank en te sê hoeveel sy dit waardeer?
Voltooi die sin in ongeveer 10 woorde.

Devin: Hier is jou kos, ek hoop jy geniet dit!

Tharusha: Devin, ... (2)

9.3 SITUASIE: Jan werk op die rekenaar en hy konsentreer baie hard. Skielik werk die rekenaar nie meer nie. Hy kan die probleem nie self oplos nie en moet Sam BAIE MOOI VRA om hom te kom help.



OPDRAG: Wat sal Jan se woorde wees? Kies die REGTE antwoord.

A Jan: Sam, kom hier man! Die simpel rekenaar werk nie!
B Jan: Sam, maak dadelik my rekenaar reg! Dit werk nie!
C Jan: Sam, sal jy asseblief my rekenaar regmaak? Dit wil nie werk nie.
D Jan: Sam, mag jy miskien my rekenaar regmaak? Die ding werk nie. (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

1. Hierdie afdeling bestaan uit SES vrae.

   VRAAG 10 EN 11: FEESMAAL

   VRAAG 12 EN 13: VERSLIG

   VRAAG 14 EN 15: DIE VERDWYNING VAN MINA AFRIKA

2. Beantwoord slegs EEN vraag oor die boek wat julle behandel het.

**FEESMAAL – saamgestel deur EA Swanepoel**

**VRAAG 1**

**DIE MATRAS – Abraham H de Vries**

1.1 Lees die paragraaf en beantwoord die vrae wat daarop volg.
Jou antwoorde hoef nie in volsinne te wees nie.

> Die hele plaas is eintlik nog donker en slaap soos ŉ molshoop, maar dit duur nie lank nie toe trek sy vuurtjie se rookwors al by die skoorsteen uit.

1.1.1 Hoekom het oom Nollie dié dag so vroeg opgestaan? (1)

1.1.2 Wat was fout met tant Karlena dat sy in die hospitaal beland het? (1)

1.1.3 Tant Karlena en oom Nollie het twee kinders. Wat is hulle name? (2)

1.1.4 Wat het hy gekoop om tant Karlena mees te verras? (1)

1.2 Kies slegs die regte antwoord en skryf die letter (A – D) langs die vraagnommer neer. Jou antwoord hoef nie ŉ volsin te wees nie.

1.2.1 Waar het oom Nollie en tant Karlena gewoon?

A Vleibaai
B Vleiplaas
C Tietiesbaai
D Terracebaai (1)

1.2.2 "Kom ons sit die ou matras weer terug op die bed."
Hulle slaap toe dié nag baie lekker op hul ou matras.

Wat is die les wat die leser hieruit kan leer? (2)


WESTERN CAPE

1.2.3 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Skryf 'waar' of 'onwaar' en gee ŉ rede vir jou antwoord.

Oom Nollie hou nie baie van die dorp nie. (2)

**VANDISIEDAG – Pieter Pieterse**

1.3 Gebruik die woorde in die woordelys hieronder om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) met die korrekte woord langsaan neer.

| wonder; vandisie; ompaaie; gelukkig; tien |
|---|

In hierdie verhaal ontmoet ons iemand wat uiteindelik besef wat hy met sy lewe wil doen, sodat hy 1.3.1… kan wees. Dit het hom, sedert 1974, amper nog 1.3.2 … jaar geneem om regtig 1.3.3 … te hou.

Hy sê dat die … 1.3.4 … in ŉ mens se lewe nodig is, anders sal jy die hele tyd 1.3.5 … hoe die wêreld daar buite lyk. (5)

1.4 Pas die beskrywing in KOLOM B by die name in KOLOM A.
Skryf slegs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) en die letter A – E neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Pa Ferdie | A sy kindervriende in die veld |
| 1.4.2 Juffrou Mona | B ŉ dialek van Noord-Sotho |
| 1.4.3 Kgashane, Mperekeni en Ngwako | C die beheertoring by Kaappunt |
| 1.4.4 Setlokwa | D sekretaresse |
| 1.4.5 Penguin | E die natuurmens |

(5)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 2

## DIE KRISMISBOKKIE – Audrey Blignault

2.1 Lees die paragraaf en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.
Jou antwoorde hoef nie in volsinne te wees nie.

> ŉ Mens het gewoond geraak aan die twee – die kaalvoetseun in sy kakiehemp en -broek en die ligpoot-diertjie met sy trillende neusie en sy bruin, watersagte oë met die snaakse donker vlekkies daaronder.

2.1.1 Wie is die kaalvoetseun na wie daar in hierdie uittreksel verwys word? (1)

2.1.2 Watter tipe bokkie is Rietman? (1)

2.1.3 Noem EEN karaktereienskap van die seun wat in die verhaal uitgebeeld word. (1)

Kies slegs die regte antwoord en skryf die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.1.4 – 2.1.5) neer.

2.1.4 Almal is hartseer op Oukersaand, want die ...

A seun is siek.
B bokkie is dood.
C bokkie is baie maer.
D seun het weggeloop. (1)

2.1.5 Watter EEN is NIE WAAR NIE? Vir Kersfees kry hulle gewoonlik ...

A ŉ soutribbetjie van Stilplasie af.
B ŉ speenvarkie van oom Jan Elandsdrif.
C ŉ groot bottel reukwater van Rothman se winkel af.
D suurvykonfyt van ouma Annie en tant Sofie. (1)

2.1.6 Wat gebeur op Kersfeesdag wat almal gelukkig maak? (1)

2.1.7 Wat het die bokkie geëet? Noem TWEE dinge. (2)

2.1.8 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Skryf 'waar' of 'onwaar' en gee ŉ rede vir jou antwoord.

Amanda het vir Rietman op Kersoggend onder die roosboom gesien. (2)

**EN**

**MY MAN IS IN LAVENTEL – Madeleine van Biljon**

2.2 Gebruik die woord(e) in die woordelys hieronder om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.2.1 – 2.2.5) en die korrekte woord(e) langsaan neer.

| 'n glas koue water; pasiënt; alleen; twee pille; koors |
|---|

In hierdie verhaal ontmoet ons 'n vrou wat self sê dat sy nie 'n goeie 2.2.1 … is nie. Vir haar siek kinders gee sy net 2.2.2 … , 'n 2.2.3 … en 'n legkaart en hoop dat hulle gou gesond sal word. Wanneer sy siek is, wil sy net 2.2.4 … gelaat word en niemand moet vir haar vra hoe dit met haar gaan nie. As dit wel gebeur dat iemand haar vra, skiet haar 2.2.5… die hoogtes in. (5)

2.3 Pas die woord in KOLOM A by die beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die regte letter (A – E) langs die vraagnommer (2.3.1 – 2.3.5) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.3.1 Roosmaryn | A dis waar dit altyd staan |
| 2.3.2 Knoffel | B is groen en het stekelrige blaartjies |
| 2.3.3 Laventel | C die roosmaryn staan langsaan |
| 2.3.4 Pietersielie | D het sagte liggrys blaartjies en ruik lekker |
| 2.3.5 Suurlemoenboom | E staan voor die laventel |

(5)
**[20]**

**OF**

**VERSLIG – saamgestel deur Charles Fryer**

**VRAAG 3**

Lees die onderstaande gedig aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**DIE ELWEKONING – (Goethe)**
**(vertaal deur SJ du Toit)**

1. Wie ry daar so laat deur nag en wind?
Dit is 'n vader met sy kind;
Hy druk die knapie so styf in die arm,
Hy hou hom veilig, hy koester hom warm.

2. "My seuntjie berg bang sy gesiggie, vir wie?"
"Sien Vader die Elwekoning dan nie?
Die Elwekoning met mantel en sleep?"
"My kind, dit is 'n newelstreep."

3. "Kom, kindjielief, kom saam met my!
So heerlik speel hul waar ek bly;
Veelkleurige blomme groei op die strand,
Van goud gaan jou kleed wees uit moeder se
hand. " –

4. "My Pappie, is Pappie dan heeltemal doof
Vir wat Elwekoning my saggies beloof?"
"Bly stil, wees rustig maar, my kind!
In dorre blare duisel die wind." –

5. "Gaan jy, lief seuntjie, met my saam?
My dogters ken almal reeds jou naam;
My dogters dans voor in die nagt'like rei
En wieg jou en dans en sing so bly." –

6. "My Vader, kan Vader dan glad nie gewaar
Elwekoning se dogters in die donker kol
daar?"
"My seuntjie, my seuntjie, ek sien dit heel
goed:
Die ou-gras skyn geel aan die rantjie se voet!"

7. "Jou skoonheid bemin ek, my siel is ontsteld;
En as jy nie wil nie, gebruik ek geweld!"
"My Pappie, my Pappie, nou vat hy my raak!
Elwekoning het my seer gemaak!"

8. Die vader skrik; hy ry soos die wind,
En hou in sy arms die kreunende kind,
Bereik sy plaas in bange nood;
Die kind lê in sy arms dood.

[Uit: *Uit Vreemde Boord*]

3.1 Gebruik slegs die woorde in die woordelys om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.5) en die korrekte woord langsaan neer.

| mantel; elwekoning; dood; wind; vas |
|---|

ŉ Man ry met sy sterwende kind huis toe. Hy hou die kind 3.1.1 … sodat hy nie val en seerkry nie. Die kind sien iemand wat ŉ 3.1.2 … en sleep aanhet. Hy noem die persoon die 3.1.3 …, maar sy pa sien niks nie.

Die persoon nooi die seuntjie om saam met hom te gaan. Hy sê daar waar hy bly, groei kleurvolle blomme op die strand. Die pa dink dat die kind hom verbeel en sê dat dit net die blare is wat in die 3.1.4 … waai.

Uiteindelik besef die pa dat iets verkeerd is en hy jaag so vinnig as wat hy kan plaas toe. By die plaas sien hy dat die seuntjie 3.1.5… is. (5)

3.2 Pas die beskrywing in KOLOM B by die woord in KOLOM A.

Skryf slegs die vraagnommer (3.2.1 – 3.2.5) en die regte letter (A – E) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 3.2.1 Vader | A ŉ Jong seuntjie |
| 3.2.2 Blomme | B is ŉ streep mis |
| 3.2.3 Newelstreep | C staan in die donker kol |
| 3.2.4 Knapie | D ry soos wind |
| 3.2.5 Dogters | E groei by die strand |

(5)

**EN**

3.3 Lees die onderstaande gedig aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**OM GROOT TE WORD – Maryke Heyns**

1. Om groot te word
is so tussenin.
Grootmensdinge is nog ver,
kinderdinge word min.

2. Kom ons lag weer vrolik
vir die maan se vet, geel gesig.
Kom ons bring die trane
oor ŉ dooie voëltjie terug.
Kom ons eet weer slap-tjips
en lek ons vingers af.
Kom ons word weer kinders.
Kom ons word weer laf!

3. Nou huil ons in ŉ kussing
en wonder waarom.
Nou raak ons verlief
en dink die wêreld glimlag krom.
Nou's ons so tussenin, vals noot,
want: ons word groot.

[Uit: *Poort 1974*]

Kies die regte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.3.1 – 3.3.2) neer.

3.3.1 Die spreker in hierdie gedig is ŉ ...

A tienerseun.
B tienerdogter.
C ouer vrou.
D volwassene. (1)

3.3.2 Om laf te wees, beteken om ... te wees.

A eensaam
B verlief
C verspot
D hartseer (1)

3.3.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Haal ŉ versreël uit die gedig aan om jou antwoord te staaf.

Hierdie tiener het baie kennis van grootmensgoed. (2)

3.3.4 In strofe 2 noem die spreker DRIE DINGE wat ŉ mens gewoonlik met die jeug assosieer. Noem hulle. (3)

3.3.5 Waaroor wonder die spreker in strofe 3? (1)

3.3.6 Wat word bedoel met die "tussenin"-tydperk in strofe 3? (2)

**OF**

## VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande gedig deur en vul dan die ontbrekende woorde in die paragraaf wat volg in. Gebruik die woorde in die woordelys om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.10) en die korrekte woord langsaan neer.

**SPROKIE VIR ŉ STADSKIND – KOOS DU PLESSIS**

1. As die reën van stof en roet verby is
en die rook verdwyn,
sal daar in die sterrelose hemel
ŉ neonboog verskyn.

2. En kyk maar goed, want as jy hom vind,
vertel ek vir jou ŉ sprokie, my kind,
van ŉ skatkis, met ou kettings gebind,
aan die neonboog se punt.

3. Volg hom elke nag oor swart riviere,
oor kranse van beton;
as jy aanhou stap, tienduisend ure,
sal jy dalk daar kom.

4. Maar hier moet jy jou nimmer laat bind,
want, so lui die ou-ou sprokie, my kind:
As jy geluk en vreugde wil vind,
soek die neonboog se punt.

5. Volg hom elke nag oor swart riviere;
kyk nie één maal om.
Dalk vind jy die land van blou saffiere …
en dalk ŉ brokkie son.

[Uit: *Kinders van die Wind*]

| |
|---|
| Reënboog; stadskind; skatkis; sterre; omkyk; bind; teerpaaie; neonboog; gelukkig; geboue |

Hier het ons ŉ sprokie wat aan ŉ 4.1.1 … geskryf word. Die persoon kan nie die 4.1.2 … sien nie omdat die lug so besoedel is. Die 4.1.3 … hier verwys na die baie stadsligte.

Die "hom" waarvan daar in strofe 2 gepraat word, is die 4.1.4 ... Die sprokie lui dat as jy die punt hiervan vind, sal jy ŉ 4.1.5 … daar vind.

In strofe 3 word die stad beskryf. Ons weet dit, want die "swart riviere" is die 4.1.6 … in die stad en die "kranse van beton" is die hoë 4.1.7… .

Daar word in strofe 4 aan die mens gesê dat hy hom nie hier moet 4.1.8 … nie, want dan sal hy nooit 4.1.9… wees nie. Indien hy die land van blou saffiere wil vind, moet hy ook nie 4.1.10 … nie. (10)

4.2 Lees die onderstaande gedig aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**WINDOW-DRESSING – Carol Clarke**

1. Nes ŉ slak sy dop
dra ek my huis
om my hart:
ek voel die mure
rek en krimp
soos ek asemhaal.

2. Oor die jare dra ek
liefdesgawes aan:
gordyne vir die woonvertrek
ŉ Otto Klaer vir die voorkamer
riempiesbankie vir die stoep.

3. Ons skuur verfskilfers
van die geute af
olie die deure en rame

4. maar ek loop katvoet
deur die gang –

5. die eerste nag al
die kraak gesien
teen my slaapkamermuur:

6. ŉ San Andreas-fout
in miniatuur.

[Uit: *Tjienkerientjee se Oog is Swart*]

4.2.1 In die eerste 3 versreëls vergelyk die spreker die manier waarop sy haar (a) … in haar hart dra met die manier waarop die slak sy (b) … met hom saamdra. (2)

4.2.2 Noem TWEE dinge uit strofe 2 wat die spreker vir haar huis gekoop het. (2)

Kies elke keer slegs die regte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.2.3 – 4.2.4) neer.

4.2.3 Watter een pas NIE? Die spreker doen die volgende om die huis op te knap. Sy ...

A olie die rame.
B olie die deure.
C skuur die verfskilfers af.
D loop versigtig deur die huis. (1)

4.2.4 Die woord … in die gedig dui op ŉ <u>kontrasterende/teenoorgestelde</u> gedagte.

A soos
B maar
C deur
D teen (1)

4.2.5 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Haal dan ŉ versreël aan om jou antwoord te staaf.

Die spreker het lank in die huis gebly voordat sy besef het dat daar fout is. (2)

4.2.6 Waarmee vergelyk die spreker die kraak in haar slaapkamermuur? (1)

4.2.7 Wat kan die dieper betekenis van "die kraak … teen my slaapkamermuur" wees? (1)
**[20]**

**OF**

**DIE VERDWYNING VAN MINA AFRIKA - Zuretha Roos**

**VRAAG 5**

5.1 Lees deur die paragraaf hieronder en vul die ontbrekende woorde in. Gebruik die woorde in die woordelys om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.1.1 – 5.1.8) en die korrekte woord langsaan neer.

| |
|---|
| lief; badkamer; bediendekamer; Sanet; Tietser Meraai; drukkies; huis; Erik |

Mina en haar vriendin, 5.1.1 …, gaan eendag by … 5.1.2 … kuier. Sy is ontsteld omdat sy by die De Graaffs in die …5.1.3… moet bly en nie in die 5.1.4 … soos voorheen nie. Haar vriendin sê dat sy ondankbaar is, aangesien sy haar eie slaapkamer en 5.1.5 … daar het, terwyl sy (Sanet) een moet deel met die res van haar gesin. Mina voel dat dit 5.1.6 … se skuld is. Sy voel dat hy nie meer dieselfde teenoor haar optree nie. Hy is nie meer vir haar 5.1.7… nie en gee nie meer vir haar 5.1.8 … nie. (8)

5.2 Pas die inligting in KOLOM A by die persoon in KOLOM B. Skryf die vraagnommer, die regte letter (A – E) en die naam van die persoon neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | Het Mina verkrag | A | Aletta de Graaff |
| 5.2.2 | Mina se pa | B | Julia de Graaff |
| 5.2.3 | Sara se skoonmoeder | C | Schoeman Oortzen |
| 5.2.4 | Het ook in 1946 swanger geraak | D | Juffrou Lubbe |
| 5.2.5 | Het vir Mina na standerd 5 klas gegee | E | Gert Afrika |

(5)

5.3 Lees deur die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae daaroor.
Jou antwoorde hoef nie in volsinne te wees nie.

| |
|---|
| Boeta lag verskonend. “Ek is jammer ek het vir antie laat skrik; ek dog antie hoor my kom. Ek is Boeta Bantjies. Ek is op pad huis toe van Erik de Graaff se plaas af; ek vat sommer kortpad deur die wingerde…” |

5.3.1 Wie is die “antie” met wie Boeta praat? (1)

5.3.2 Wat het Boeta op Erik se plaas gaan doen? (1)

5.3.3 Wat beteken dit as Boeta sê dat Mina “baie opstêrs” is? (1)

5.3.4 Is “antie” tevrede met die rede vir Boeta se besoek?

Skryf JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)

5.3.5 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' en gee dan ŉ rede vir jou antwoord.

Mina belowe vir Boeta dat sy met hom sal trou. (2)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 6

6.1 Lees deur die volgende paragraaf hieronder en vul dan die ontbrekende woorde in. Gebruik die woorde in die woordelys om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.1.1 – 6.1.7) en die korrekte woord langsaan neer.

| Worcester; Julie; skrynwerker; inkomste; geldnood; Rona; Kaapstad |
|---|

Toe Mina in 6.1.1 … aankom, besef sy dat sy vinnig ŉ storie oor haarself sal moet opmaak. Sy sê toe aan die eerste mense wat sy ontmoet, Jerry en sy suster 6.1.2 ,… dat haar naam 6.1.3 … is en dat sy van 6.1.4 … af kom. Haar pa was ŉ 6.1.5 … wat skielik oorlede is en haar ma maak klere vir ŉ 6.1.6 … . Met haar pa se afsterwe het hulle nou 6.1.7 … en dis die rede waarom sy nou kom werk soek. (7)

6.2 Pas nou die persoon in KOLOM A by die verduideliking in KOLOM B. Skryf slegs die vraagnommer (6.2.1 – 6.2.5) en langsaan die regte letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.2.1 Sêra | A ŉ pasiënt van die staat |
| 6.2.2 Dollie | B ŉ bendelid in Distrik Ses |
| 6.2.3 Gatiep | C die eienaar van ŉ hoekkafee in Distrik Ses |
| 6.2.4 Bettie Els | D werk saam met Mina in Groenpunt |
| 6.2.5 Dylan Appollis | E het baie “contacts” in Kaapstad |

(5)

6.3 Lees deur die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae daaroor. Jou antwoorde hoef nie in volsinne te wees nie.

| Rondom haar suis die doodsbome. “Schoeman … ek kom vir jou sê ek haat jou lankal nie meer nie … ŉ Mens kan nie met so ŉ haat soos ek vir jou gevoel het, saamleef nie.” |
|---|

6.3.1 Wie praat hier? (1)

6.3.2 Hoe het Schoeman gesterf? (1)

6.3.3 Waarom het hierdie persoon vir Schoeman gehaat? (1)


WESTERN CAPE

Kies die regte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer neer.

6.3.4 Hierdie gesprek vind in die … plaas.

A kerk
B winkel
C slaapkamer
D begraafplaas (1)

6.4 Beantwoord nou ook die volgende vrae:

6.4.1 Wat is die naam van die restaurant wat Mina bestuur het toe sy teruggegaan het huis toe? (1)

6.4.2 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Skryf 'waar' of 'onwaar' en gee ŉ rede vir jou antwoord.

Mina kry dit reg om haar swangerskap te beëindig. (2)

6.4.3 Hoekom kan Mina nie in Elsie Lubbe se huis gaan bly nie, al het sy dit geërf? (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou
WESTERN CAPE